

N.G. Gemeente Vaalpark

# Gebedsbulletin no 6

5 Februarie 2023

## ‘n Christus Gesentreerde Lewe

**‘n Christus gesentreerde lewe is een wat fokus op toewyding aan Jesus Christus as die Koning van jou lewe. Agter elke menslike besluit lê daar ‘n spesifieke motivering. Sommige mense word gemotiveer deur die strewe na plesier of meer geld. Die sentrale fokus van party mense se lewe is ‘n doelwit, ‘n beroep, of hulle gesin. Daar is nie op sigself iets daarmee verkeerd nie, maar dit wat die fokus van ons lewe is, kan ons god word.**
**Die mens is geskape om te aanbid**
**Die mens se hart is geskape om te aanbid, en as dit nie God aanbid nie, sal dit iets anders aanbid. As ons nie Christus-gesentreerd is nie , sal ons op iets anders fokus. Die toewyding waarmee ons iets aanbid, word gemeet aan die hoeveelheid geld, tyd, en emosionele energie wat ons daaraan bestee. Ons ‘gode’ kan uitgeken word aan ons passievolle toewyding aan hulle. Ons praat oor hulle, dink oor hulle, droom oor hulle, en maak planne om meer tyd aan hulle te bestee. Diegene wat die naaste aan ons is en ons goed ken, weet gewoonlik wat ons diepste passie is omdat dit moeilik is om aanbidding weg te steek. Volgelinge van Christus wat hulle lewe op Hom fokus, word toenemend meer soos Hy. Hulle praat oor Hom, dink oor Hom, droom oor Hom, en wil meer tyd saam met Hom bestee. Hulle wil Sy gebooie uit liefde en eer vir Hom gehoorsaam; nie uit vrees dat hulle uitgevang sal word dat hulle sonde doen nie. Christus-gesentreerde gelowiges se diepste begeerte is om God te behaag en meer soos Hy te word. Hulle lewe weerspieël Paulus se woorde in Fil 3 :10:” Al wat ek wens is om Christus te ken, die krag van Sy opstanding te ondervind en deel te hê aan Sy lyding deur aan Hom gelyk te word in Sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.” Die hoofdoel van ‘n Christus-gesentreerde lewe is om God te verheerlik. (vervolg)**

**Dankie!**

- **Dat ons in Christus, ‘n Christus-gesentreerde lewe kan leef!**
- **Vir die welkome reën wat oor groot dele van ons land geval het!**
- **Vir die hoop wat ons het in Christus, vir ons gesinne, gemeenskap en ons land!**

## Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug, skole wat geopen het – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.
- Vir die Eskom krisis..

## Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Ina van der Merwe
- Annika Killian
- Oom Eberhard Carshagen
- Jeanette Mostert

Lola Vijoen
Ria Putter
Oom Hannes Loots
Lilian van Zyl
Heleen J van Vuuren
Stefaans du Plessis
Adolf Wolmarans
Louis Strauss

## Gedagte vir die week

**“Om te lewe is Christus” beteken dat Christus ons fokus, ons doel, en ons hoofbegeerte is. Christus is die middelpunt van ons denke, hart, siel en liggaam. Alles wat ons doen, doen ons tot verheerliking van Christus.**

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org